

# Die bydrae van Rachel Isabella Steyn tot die noodleningspoging in Duitsland ná die Eerste Wêreldoorlog

DEUR ELBIE TRUTER\*

## Inleiding

Met die dood van oud-president Marthinus Theunis Steyn op 28 November 1916 was sy weduwee, Rachel Isabella (Tibbie) alleen. Haar hele bestaan wat eintlik gedurende hul huwelik gewentel het om die wel en die weë van haar geliefde eggenoot, het eensklaps tot ‘n einde gekom.<sup>1</sup> Dat sy inspirasie kon put uit ‘n buitengewone gelukkige huwelik,<sup>2</sup> sowel as die feit dat sy aan ‘n familievriend, dr. H.P.N. Muller, die voormalige konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat in Nederland, erken het dat haar aardse taak nog onvoltooid is, het haar daarvan weerhou dat sy wegsink in ‘n toestand van hulploosheid en depressie.<sup>3</sup>

Intussen het haar wêreld soos dit maar onvermydelik gebeur, kleiner geword en haar huislike kring al nouer en sy eensamer. Skaars vier en ‘n half maande na Theunis se dood moes Tibbie haar weduwee moeder ook aan die dood afgee.<sup>4</sup> Haar jongste dogter wat by haar in die huis gebly het, Emmie, het in die huwelik getree met ‘n vooraanstaande oogarts in die Kaap en het soontoe verhuis.<sup>5</sup> Onwillekeurig het Tibbie ook van Emmie die steunpilaar gemaak wat haar moeder en Theunis voorheen was en Tibbie se vertwyfeling skemer deur in menige brief aan vriende oor wat haar toe te doen gestaan het, soos byvoorbeeld:

- 
- Dr. E.J.J. Truter is verbonde aan die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy het pas navorsing oor “Die ontleding van reaksies van Afrikaanssprekendes op die taalbesluite van die SAUK vir die periode 1994-1996 soos gereflekteer in die gedrukte media” afgehandel. Dit is vir publikasie in *Acta Supplementum* bestem. Sy is tans besig met ‘n kwantitatiewe ontleding van die taalmiskenning op tweede en derde regeringsvlak in die Vrystaat soos gereflekteer in die gedrukte media (1994-1998).
1. VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK (voortaan VAB) A156 1/1/37 Rachel Isabella Steyn (voortaan RIS) – mev de Villiers 19 Des. 1916.
  2. VAB, A156 1/1/11 Emily Hobhouse (voortaan EH) – RIS 23 Des. 1916.
  3. VAB, A160/69 RIS – Dr HNP Muller (voortaan HPNM) 20 Febr. 1917.
  4. VAB, A160/70 RIS – HPNM 25 Augustus 1917; VAB, A156 1/1/40 RIS – Margaret Gillet 17 Mei 1917.
  5. *Die Volksblad* 1 Mei 1919; SA Biblioteek Kaapstad MSC 33/2.5 Uitnodigingskaartjie: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK (voortaan KAB) A696/21 Jacques du Toit, toespraak.

What am I to do without her I do not know as since her Father's death she has been all in all to me and taken such good care of me.<sup>6</sup>

Die Steyn-nes op Onze Rust, die Steyn familieplaas buite Bloemfontein, het egter nog leër geword. Gladys, Tibbie se tweede oudste dogter, het as prinsipale van die Meisieskool Oranje in Bloemfontein bedank en in April 1919 na Harrismith verhuis waar sy saam met dr. Nell van Heerden, die eerste Afrikaanssprekende vroulike geneesheer, gaan bly het.<sup>7</sup> Daarby is Tibbie se broer, Colin, skaars 18 maande ouer as Tibbie, skielik ook in hierdie tyd oorlede<sup>8</sup> en haar dogter – Tibbie – het tydelik verhuis na Nederland waar haar eggenoot, ds. N.J. van der Merwe, sy doktorale studies vir ten minste die volgende twee jaar sou voortsit.<sup>9</sup> Theunis se regsboeke wat Colin, haar seun, geërf het, was onverseker. Dit is vernietig deur 'n brand in die Fichardt Chambers waar hy sy kantoor gehad het. Geen wonder dat Tibbie teen hierdie tyd gevoel het dat "I can stand no more shocks".<sup>10</sup>

### Humanitêre hulpverlening bring verligting

Dit was onder hierdie omstandighede van nuwe aanpassings, verminderde verantwoordelikhede, dat Tibbie as 't ware gevoel het dat sy "practically reduced [was] to the companionship of a housekeeper", dat Helène Kröller, 'n ou vriendin uit Nederland, 'n belangrike brief aan Tibbie geskryf het.<sup>11</sup> Op 12 November 1919, dus 'n jaar nadat die vyandelikhede van die Eerste Wêreldoorlog in Europa gestaak is, het sy "uit naam van honderd duizende hongerende kinderen ... een beroep [ge]doen op alle Zuid Afrikaanse moeders dat zij ons helpen de nood der ... onschuldige kinderen ... te verzachten".<sup>12</sup> Vroeër die jaar het Tibbie reeds bewus geword van die nood toe Emily Hobhouse, haar Britse vriendin uit die Anglo-Boereoorlogjare, in 'n brief haar pogings beskryf het om 'n fonds te stig.<sup>13</sup> Mejuffrou Hobhouse het Brittanie in September 1919 verlaat as verteenwoordiger van die *Save the Children Fund*, om saam met die Switserse geneesheer, dr. Schwytser, in Oostenryk en Duitsland die omvang van die nood te peil. Sy het Leipzig as die stad

- 
6. INSTITUUT VIR EIETYDSE NAVORSING (voortaan INEG) PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 18 Junie 1918; VAB160/70 RIS – HPNM 18 Junie 1918; A156 1/1/37 Katie Fichardt – RIS 22 Mei 1918.
  7. TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK (voortaan TAB) A1/202 RIS – JC Smuts (voortaan JCS) 30 Sept. 1917.
  8. VAB, A90/8 RIS – Mita de Villiers 16 Aug. 1919.
  9. VAB, A160/70 RIS – HPNM 28 Julie 1919: Du Toit, A. "Herstel die bande", Beeld 18 Aug. 1992.
  10. VAB, A90/8 RIS – Mita de Villiers 16 Aug. 1919.
  11. VAB, A90/8 RIS – Mita de Villiers 20 Mei 1919.
  12. VAB, A156 1/1/16 – RIS 12 Nov. 1919.
  13. INEG, PV191 2/8/1/1/15 EH – RIS 25 Maart 1919; Transvaalse Argiefbewaarplek (voortaan TAB) A1/206 EH (Basel) – JCS 30 Okt. 1919, 2 Des. 1919.

uitgesonder waar die nood die hoogste was en het reeds in Januarie 1920 ‘n voedingskema geïmplimenteer waardeur 11 000 skoolkinders daagliks gevoed is.<sup>14</sup> Dit was juis die optrede van die Britse regering wat geweier het om enige geldelike bydrae vir noodlening aan Duitsland te skenk wat deur Hobhouse as “incredibly cruel & mean” beskou is “and decided me upon my small efforts to German children”.<sup>15</sup>

Dat 3,5 miljoen vroue en kinders van hongersnood kon omkom, soos mej. Hobhouse voorspel het, het Tibbie genoop om daadwerklik op te tree. Om vir ‘n grootse saak buite haarself te ywer, het aan Tibbie die nodige impetus verleen om uit haar selfopgelegde kokon te kom. “Ons kan geen dowe oor slaan ... op een geroep”, het sy in haar beroep in die pers in haar hoedanigheid as ere-presidente van die Oranje-Vrouevereniging (OVV) gesê, “waar die lydingsbeker veel erger is dan die van ons was”.<sup>16</sup> Sy skets die haglike omstandighede in Duitsland en meld dat hulle (as vroue uit die oorlog) buitendien te veel aan die Duitse volk verskuldig is om afsydig te staan.<sup>17</sup> Op versoek van die OVV is Tibbie bygestaan deur haar oudste dogter, Hannah en ook Eugenie Fraser, haar skoonsuster, en Ella Fischer, met mevrou E. Kress as sekretaresse van hierdie projek.<sup>18</sup>

Lady Mildred, eggenote van burggraaf Buxton wat Gladstone as goewerneurgeneraal in Suid-Afrika opgevolg het, het Tibbie in Julie 1920 genader met die voorstel dat Tibbie die ingesamelde fondse beskikbaar stel aan haar, lady Buxton se *Save the Children Fund* om so ‘n pond-vir-pond bydrae van sowel die Britse as Suid-Afrikaanse regering moontlik te maak.<sup>19</sup> In oorleg met Tibbie se komitee is toegestaan mits die fondse spesifiek na Emily Hobhouse gekanaliseer sou word. “Miss Hobhouse”, het Tibbie aan lady Buxton as motivering geskryf, “has earned the love and gratitude of our people, and when she asks, their response is immediate”.<sup>20</sup>

Die kombinasie van Hobhouse se naam en Tibbie se oproep het inderdaad wonders verrig en die bedrag wat byeengebring is, het spoedig hul stoutste verwagtinge oortref.<sup>21</sup> Die verdriedubbeling van die fondse het egter nie

---

14. H. FISCHER, *That Miss Hobhouse*, (Secker & Warburg, London, 1971), p. 262.

15. TAB, A1/207 EH (Leipzig) – JCS 15 Nov. 1920.

16. INEG, PV181 3/1/1/4 RIS beroep Moeders en dogters van SA 17 Febr. 1920; VAB, A156 1/1/16 RIS - Moeders en dogters 17 Febr. 1920.

17. INEG, PV181 3/1/1/4 RIS beroep Moeders en dogters van SA 17 Febr. 1920; VAB, A156 1/1/16 RIS - Moeders en dogters 17 Febr. 1920.

18. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 8 Junie 1920.

19. W.J. DE KOCK en D.W. KRÜGER, (Reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, (Tafelberg, Kaapstad 1972), 116; VAB, A156 1/1/16 Mildred Buxton - RIS 6 Julie 1920.

20. INEG, PV 181 2/7/1/1/2 RIS – EH 21 September 1920, 19 Oktober 1920.

21. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 21 Sep. 1920, 19 Okt. 1920.

werklikheid geword nie want volgens lady Buxton, wat foutief ingelig is, het die Britse regering geweier om so 'n pond-vir-pond bydrae aan Emily Hobhouse te gee. Die weerhouding van fondse aan Hobhouse was hoofsaaklik omdat dit die tweede oorlog was waarin sy 'n saak bepleit het wat oënskynlik in stryd was met wat die Britse regering as die korrekte patriotisme beskou het. Nadat lady Buxton 'n beroep op dr. D.F. Malan deur middel van *Die Burger* gedoen het, het hy eers vir Tibbie genader "als daar aan die anderkant 'n Mrs Steyn fonds gesticht is [dan] spreek dit vanself dat ons liefs ons ondersteuning daaraan sou wou gee".<sup>23</sup>

Ten spyte van uitdruklike instruksies deur Tibbie en versekeringe aan haar is die geld wat aanvanklik aangestuur is nie aangewend soos oorengekom nie en is dit in 'n algemene fonds gestort.<sup>24</sup> Dit het Tibbie in 'n moeilike posisie geplaas omdat sy aan haar donateurs die uitdruklike versekering gegee het dat Hobhouse persoonlik die skenking sou ontvang om te administreer.<sup>25</sup> Burggraaf Buxton het hom beywer dat skenkings in die vervolg dienooreenkomsdig sou geskied dienooreenkomsdig die aanvanklike besluit.<sup>26</sup> Die moeite wat Tibbie gedoen het om deur middel van lady Buxton te werk, was hoofsaaklik om aanspraak te maak op die verdubbeling van fondse soos belowe deur die Unieregeling. Hulle sou egter moes wag vir die byeenroep van die Parlement die volgende jaar om te bepaal of die voorbrand wat genl. Smuts ten behoeve van hul saak sou maak, die nodige vrugte afwerp.<sup>27</sup> Ook mej. Hobhouse het vertoë tot haar vriend, genl. Smuts gerig dat "it would be cruel to abandon the children at the onset of winter".<sup>28</sup>

### 'n Nuwe houvas op die lewe vir Tibbie

Dit was asof hierdie impetus ten behoeve van haar medemens vir Tibbie 'n nuwe houvas op die lewe gegee het. Amper onwillekeurig is die leegheid op Onze Rust op die agtergrond geskuif. Sy is nooit deur die geweldige organisatoriese probleme of die massa korrrespondensie wat sy moes behartig, oorweldig nie. Soos sy aan Emily Hobhouse geskryf het, was dit intendeel vir haar "a great pleasure ... personally to aid you in this great work".<sup>29</sup> Op eie initiatief het Tibbie voorgestel dat £800, wat die bydrae van die Unieregeling

- 
22. VAB, A156 1/1/16 Mildred Buxton – RIS 28 Aug. 1920.
  23. VAB, A156 1/1/16 DF Malan (voortaan DFM) – RIS 27 Julie 1920.
  24. VAB, A156 1/1/16 RIS – lady Rose Innes 22 Aug. 1920; A156 1/1/16 lady Rose Innes – RIS 25 Okt. 1920.
  25. VAB, A156 1/1/16 RIS – lady Rose Innes 22 Okt. 1920; INEG, PV191 2/7/1/1/2 lady Rose Innes – RIS 27 Okt. 1920.
  26. VAB, A156 1/1/16 lady Rose Innes – RIS 8 Nov. 1920.
  27. VAB, A156 1/1/16 RIS – lady Rose Innes c. Nov. 1920, 12 Nov. 1920; A156 1/1/16 lady Rose Innes – RIS 26 Nov. 1920; A 156 1/1/16 RIS – EH 23 Nov. 1920.
  28. TAB, A1/207 EH –JC S 20 Aug. 1920.
  29. INEG, PV 181 2/7/1/1/2 RIS – EH 19 Okt. 1920.

ingesluit het en ook deur die Suid-Afrikaanse kinders ingesamel is, aangewend moes word vir die kinders van Leipzig vir 'n Kersverrassing in 1920.<sup>30</sup> Die kouse waarop Tibbie as Kersgeskenk besluit het aan die kinders was die ware Jakob. "I think your beautiful idea", het Hobhouse geskryf, "has touched them more deeply than even the larger sums for the ordinary food".<sup>31</sup> Sy het meermale van mej. Hobhouse 'n bedankingsbrief aan die vroue en kinders van Suid-Afrika aangevra wat sy in *Die Volksblad* en in die Nederlandse blaaie kon publiseer.<sup>32</sup> Tibbie was bereid om sonder haar gewone beskroomdheid 'n toespraak by die hoofbestuursvergadering van die OVV ten behoeve van die fonds te lewer.<sup>33</sup> Daarby het Tibbie ook prominente persone voorgestel wat genader is as donateurs.<sup>34</sup> Die menige slaaplose nagte wat Tibbie nou deurgebring het, was as gevolg van die nood in Europa en vir die eerste keer nie meer as gevolg van haar persoonlik probleme nie.<sup>35</sup>

Die korrespondensie tussen die twee vriendinne het in volume toegeneem namate hul meer organisatoriese probleme moes oorbrug. Tibbie, wat gewoonlik enige fisiese ongesteldheid aan die groot klok gehang het, kon by Hobhouse kers opsteek oor hoe dit te bowe te kom. "I can realize that you shrank from taking the lead in it feeling physically unfit", het Emily Hobhouse geskryf, "so did I but it is in doing things that the power to do them comes. In my case it is better to wear out than to rust out".<sup>36</sup> Emily Hobhouse kon haar gevoelens en fisiese swakhede oorskakel in doeltreffende optrede, hoofsaaklik omdat sy nog nooit op iemand anders as haarself kon staatmaak nie. Deur die intense vasberadenheid wat sy tot die uiterste kon benut, het haar sterk gees geheers oor haar swak liggaam. Soos voorheen het sy nie geskroom om "those fools who call themselves Statesmen of Europe" die kop te was omdat hulle steeds die foute van die oorlog in die vrede voortsit nie.<sup>37</sup>

Aan die begin van 1921 kon Tibbie aan die donateurs meld dat sy oor die £10 000  in Emily Hobhouse gestuur het. Dit was duidelik dat sonder Suid-Afrika se hulp die Leipzig-noodlenigingspoging opgeskort sou moes word.<sup>38</sup> Dit was nie net 'n verkiesing wat die entoesiasme vir die insamelingspoging laat verdof het nie, ook die finansiële toestand van die land het soveel te wense

- 
30. INEG, PV 181 2/7/1/1/2 RIS – EH 19 Okt. 1920, 28 Des. 1920).
  31. VAB, A156 1/1/16 RIS – Vriendinne 7 Jan. 1921; A156 1/1/10 EH – RIS 3 Nov. 1920, 20 Nov. 1920.
  32. INEG, PV 181 2/7/1/1/2 RIS – EH 31 Aug. 1920, 27 Okt. 1920.
  33. INEG, PV180 1/2/3/2/1 OVV Notules HB 1909-1935, 25 Aug. 1920.
  34. VAB, A90/8 RIS – Jaap, Mita de Villiers 14 April 1920; INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 8 Junie 1920.
  35. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 21 Des. 1920.
  36. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 7 Julie 1920.
  37. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 17 Jan. 1921.
  38. VAB, A156 1/1/40 RIS – Margaret Gillet 13 Jan. 1921.

oorgelaat dat selfs die skenking van die Unieregering in die weegskaal was.<sup>39</sup> Die insamelingspoging van Tibbie tot dusver het inderdaad, in Emily Hobhouse se woorde, gespreek van “overflowing generosity, considering the smallness of your white population and the reduction on farmers’ income which you wrote about and the very many objects seeking support”.<sup>40</sup>

Namate geld skaarser en die finansiële koek al hoe kleiner geword het, het interne organisatoriese probleme vermeerder en het persoonlike antipatieë die oorhand oor gesonde oordeel en altruïsme begin kry. Tibbie het erken dat sy haar vader se geaardheid het en dat wanneer “a thing must be done I don’t rest until it is done, but when you are in the hands of others you have to possess your soul in patience”.<sup>41</sup>

Die geduld wat sy nie in oormaat gehad het nie was juis nodig weens vertragings met die versending van geld aan Emily Hobhouse. Haar hande was, intendeel, afgekap “having to work through the ‘Save the Children Fund’ as I must deposit my money in that Fund before I can get the £1”.<sup>42</sup> Lady Rose-Innes, eteresourier van die Fonds en eggenote van die hoofregter van Suid-Afrika, kon as gevolg van ‘n druk program nie onmiddellik aandag gee aan die versending van die geld nie, en dit terwyl mej. Hobhouse dit dringend nodig gehad het.<sup>43</sup> Die vertraging het Tibbie probeer omseil deur aan genl. Smuts ‘n skema voor te stel waarvolgens Tibbie en haar komitee die geld onmiddellik oorsee sou versend sonder dat die skenking van die regering bekragtig is.<sup>44</sup> Sy was ook van voorneme om die minister van finansies tydens haar Kaapse besoek in Februarie 1921 te pols “to let us forward the sum we have and that they advance the Government £1 later on”.<sup>45</sup>

Aangesien Tibbie haar donateurs uitdruklik verseker het dat die regering sou instaan vir die verdubbeling van die bedrag, kon sy nie voldoen aan lady Rose-Innes se versoek om die geld onmiddellik te stuur, en die regeringsbydrae sodoende te verbeur nie. Nadat Tibbie dr. Malan weer oor die saak ingelig het, het sy weer by genl. Smuts die saak persoonlik aanhangig gemaak. Genl. Smuts het aan die hand gedoen dat Tibbie die £13 000 wat sy wel voorhande het, stuur want hy sou die nodige reëlings vir die verdubbeling van die bedrag tref. Die hewige reaksie van lady Rose-Innes het Tibbie egter onkant betrap. “She did not

- 
39. VAB, A156 A1/1/10 EH – RIS 14 Jan. 1921; 1 Mei 1921, 25 Mei 1921, 1 Junie 1921; INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 1 Jan. 1921.
40. VAB, A156 1/1/10 24 Febr. 1921; D.W. KRÜGER, *The making of a nation: a history of the Union of South Africa, 1910-1961*, (Macmillan, Johannesburg, 1969), 119.
41. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 28 Des. 1920.
42. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS - EH 24 Nov. 1920, 9 Nov. 1920.
43. *Die Volksblad*, 7 Sept. 1922; W.J. DE KOCK EN D.W. KRÜGER, (Reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese woordeboek II*, pp. 335, 339: INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 10 Jan. 1921, 17 Jan. 1921; INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 30 Nov. 1921.
44. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 30 Nov. 1920.
45. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 17 Jan. 1921.

know if it is quite fair”, het Tibbie Mej. Hobhouse ingelig, “that I always went off with such big sums!”<sup>46</sup> Lady Rose-Innes het Tibbie verder daarvan beskuldig dat van die vorige regeringskenking slegs £1 600 van die £5 000 ontvang het, terwyl Tibbie met £3 400 sou weggestap het.<sup>47</sup>

Dat daar wel ‘n uitsondering vir Tibbie gemaak is en nie vir haar nie, het lady Rose-Innes moeilik verwerk. Indien die skenking aan Tibbie toegestaan word, sou lady Rose-Innes verplig voel om aan te dring op soortgelyke skenkings aan die ander organisasies. Sy het verkies dat Tibbie die bedrag wat sy wel voorhande het, terughou. Indien Tibbie absoluut vasbeslote was om dit wel te stuur, het sy Tibbie verseker, “I am not bound to later on add the Treasury grant to it should this come forward”.<sup>48</sup> Tibbie was nie van stryk gebring deur die bitsige toon van die korrespondensie van lady Rose-Innes aan haar nie. Vir die onthalwe van die ekstra £1-skenking het sy probeer om die saak op ‘n vryendskaplike wyse op te los. Dit was vir haar egter onduidelik hoe die ertesouriere die regeringsgeld, wat aan haar belowe is, agterweë kon hou. “However”, skryf sy aan Hobhouse, “I am afraid they will make trouble ... I am of course entitled to it [grant] & if I meet Lady Innes I will make it clear to her ... I think my large sums are a bit startling.”<sup>49</sup>

Teen 10 Mei 1921 was dit duidelik, dat ten spyte van die toutrekkery, die beloftes en die onenigheid, die skenking van die Unieregering nie sou materialiseer nie. Van die £5 000 wat wel beskikbaar was, het Tibbie gehoop dat ten minste £2 000 aan “haar” fonds toegewys sou word aangesien lady Rose-Innes geweier het om haar meer toe te laat.<sup>50</sup> Ten spyte van al Tibbie se pogings, selfs deur weer vertoe te rig tot sowel mnr. Burton van die tesourie as genl. Smuts, het die kanse al hoe skraler gelyk dat die geld beskikbaar gestel sou word.<sup>51</sup> Uiteindelik is Tibbie se onsekerheid teen die middel van September opgelos deur ‘n brief van genl. Smuts dat alle regeringskenkings opgeskort word.<sup>52</sup> Emily Hobhouse wat reeds bitter min vertroue in politici gehad het, het genl. Smuts se belofte afgemaak met: “You see ministers like our friend Smuts often promise what they cannot perform.”<sup>53</sup>

---

46. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 15 Maart 1921.

47. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 15 Maart 1921.

48. INEG, PV 181 2/7/1/11/3 RIS – EH 24 Maart 1921.

49. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 24 Maart 1921.

50. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS - EH 10 Mei 1921.

51. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 22 Mei 1921; INEG, PV181 2/7/1/1/4 RIS-EH 13 Sept. 1921.

52. INEG, PV181 2/7/1/1/4 RIS – EH 18 Sept. 1921.

53. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 25 Sept. 1921.

## Afsluiting van eerste noodlenigingspoging

Op 15 Julie 1921 is die voedingskema vir verhongerde kinders in Leipzig afgesluit, terwyl die fondse wat nog sou inkom kinders tot Oktober kon voed.<sup>54</sup> Ten einde aan Tibbie se versoek te voldoen dat die verminderde geldbydrae aan liefdadigheid in Berlyn geskenk moet word, het mej. Hobhouse persoonlik na Duitsland gereis om die organisasie, wat sy in bekwame helpers se hande gelaat het, te reël.<sup>55</sup>

‘n Aansienlike balans van die Suid-Afrikaanse skenking, £4 500, sou bekend staan as die *Südafrikanische Steyn – Hobhouse Stiftung*.<sup>56</sup> Dit sou onder andere aangewend word om siek kinders van ‘n see-kuur te verseker en om “Neue Arme”, verarmde professionele en middelklas bestuurslui, by te staan.<sup>57</sup> Mej. Hobhouse het die *Stiftung* aan die *South African Quaker Depot* in Leipzig oorgedra om te bestuur op voorwaarde dat daar in Leipzig op ‘n mark vir markgrondslag gekollekteer word vir verdere noodleniging.<sup>58</sup> Emily Hobhouse was ingenome “that our 3 names are wedded for better or for worse”.<sup>59</sup>

Aan die begin van 1922, dus bykans twee jaar nadat Tibbie haar oproep vir die *Save the Children Fund* gedoen het, het die bydraes slegs drupsgewys ingekom.<sup>60</sup> Tibbie het die reg voorbehou om die Fonds af te sluit nadat die laaste kollekteerlyste ingekom het.<sup>61</sup> In haar gepubliseerde verslag het sy gemeld dat £15 515 9s 11d. vir die Fonds ingesamel is. Daarvan het die Unieregeling £5 200 op die pond-vir-pond-basis bygedra. Die kinders van Suid-Afrika het £800 bygedra.<sup>62</sup> Die bydrae van die Vrystaat was meer as dié van die ander provinsies. Die 8 000 kinders wat toe nog daagliks voordeel uit die voedingskema getrek het, sou gevoed word tot aan die begin van April.<sup>63</sup> Hoewel die nood nog akut in Europa was, “het ... ons egter besluit met die oog op ons eie landsomstandighede en die bewussyn dat ons tog wat gedoen het om veel smarte te verlig en dat Suidafrika nie skaam hoef te wees nie” om die fonds af te sluit. Tibbie het veral haar dank betuig teenoor Emily Hobhouse wie se vaardige bestuursmetodes deels vir die sukses van die insameling verantwoordelik was.<sup>64</sup>

---

54. TAB, A1/208 EH – JCS 15 Julie 1921.

55. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 25 Sept. 1921, 9 Okt. 1921.

56. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 22 Okt. 1921.

57. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 13 Nov. 1921; *Die Volksblad*, 7 Febr. 1922.

58. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 24 Jan. 1922, 26 Nov. 1922.

59. INEG, PV181 2/7/1/4 EH – RIS 22 Nov. 1922.

60. INEG, PV181 2/7/1/7 RIS – EH 8 Jan. 1922, 10 Jan. 1922.

61. INEG, PV181 2/7/1/5 RIS – EH 18 Jan. 1922.

62. VAB, A160/70 RIS verslag 21 Jan. 1922; Ineg, PV180 1/2/2/2/1/1 OVV Notule 9e kongres, 2 Nov. 1922, 12-15.

63. VAB, A156 1/1/10 EH - RIS 9 April 1922.

64. *Die Volksblad*, 7 Febr. 1922.

Dit was Emily Hobhouse se naam, vir Suid-Afrikaners in Tibbie se woorde as ‘t ware ‘n “open sesame ... which unlocked the hearts and purses”, wat verantwoordelik was dat Suid-Afrika in verhouding meer bygedra het as ‘n geïndustrialiseerde en ontwikkelde land soos Brittanje.<sup>65</sup> Hulle vertroue in Hobhouse was absoluut “and their love for [her] is very sincere”.<sup>66</sup> Die statuur van Tibbie onder die gewone burger, by prominente persone en regeringslui kan as ‘n bydraende suksesfaktor beskou word. Beide dames was totaal onkant betrap daardeur. “I assure you”, het Tibbie aan mej. Hobhouse erken, “I was more surprised that the people subscribed to my fund as they have done.”<sup>67</sup> Volgens die redaksionele kommentaar van *Die Volksblad* was die rede vir die sukses dat “‘n volksmoeder spreek, wie se hart uitgaan na ‘n ander volk in nood, omdat sy haar eie volk in nood gesien het”.<sup>68</sup> Tibbie is bygestaan deur ‘n komitee van bekwame dames wat so entoesiasties saamgewerk het dat “if times had not been so bad one could do very much more”.<sup>69</sup> Bydraende faktore wat vir die sukses verantwoordelik was, is die gesamentlike poging van die vroueorganisasies in al die provinsies, die hulp van die Afrikaanse kerke,<sup>70</sup> die *Deutscher und Österreichischer Hilfsverein*,<sup>71</sup> en opvoedkundige instansies soos die Grey-Universiteitskollege.<sup>72</sup> Die Afrikaanse pers wat deur *Die Volksblad*, *Die Burger* en *Die Volkstem* sy gewig by die poging ingewerpt het, het bygedra tot die sukses. Die Afrikaner in die algemeen en Tibbie in die besonder het buitendien nooit die hulp vergeet wat hulle tydens die Anglo-Boereoorlog van die Duitsers ontvang het nie. Tibbie het dit in soveel woorde aan ‘n verteenwoordiger van die noodleningorganisasie in Leipzig gestel, naamlik dat hulle met “hart en siel [arbei] ... in belang van uw Volk die ons in onse donkere dae so veel hulp verleen het”.<sup>73</sup>

Waardering vir Tibbie se insamelingspoging vir Duitsland het nie agterweë gebly nie. Van kinders en volwassenes in Duitsland en Oostenryk wat geraak was deur haar pogings, het die briewe van waardering ingestroom.<sup>74</sup> Sommige

65. INEG, PV181 2/7/1/11/4 RIS – EH 2 Sept. 1921.

66. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 10 Aug. 1921.

67. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 12 Febr. 1922, 31 Des. 1920; INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS- EH 29 Nov. 1920.

68. *Die Volksblad*, 3 Febr. 1922.

69. INEG, PV181 2/7/1/1/3 RIS – EH 1 Maart 1921.

70. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 19 Okt. 1920; VAB, A156 1/1/16 WM Nicol – RIS 20 Sept. 1920.

71. INEG, PV181 2/7/1/1/2 D Boehmer - RIS 5 Okt. 1920, 21 Sept. 1921.

72. INEG, PV181 2/7/1/1/2 RIS – EH 8 Junie 1920.

73. VAB, A156 1/1/9 RIS – verteenwoordiger van noodleniging 8 Jan. 1921.

74. VAB, A156 1/1/16 J Arndt – RIS 14 Sept. 1920, A156 1/1/16 D Kulka (Wenen) – RIS 6 Nov. 1920.

van die kinderbriewe is in die openbare pers gepubliseer.<sup>75</sup> In ‘n bedankingsbrief van die Duitse konsul-generaal meld hy dat “dank wohl Ihres personalchen Einfluss – die Grosste summe unter allen Provinzen aufgebracht hat”.<sup>76</sup> Aan die einde van 1922 ontvang Tibbie ‘n bedanking van die Duitse staatsman, Joseph Wirth.<sup>77</sup> Tibbie was aangenaam verras “and how very little I accomplished after all”, het sy aan mej. Hobhouse geskryf. “The need is still so great and we are all so helpless.”<sup>78</sup>

### Tweede noodleningingspoging

Deur die tydskrif *Foreign Affairs*, waarop mej. Hobhouse vir Tibbie ingeteken het, was sy goed op die hoogte van die steeds benarde toestande in Duitsland – die hoë inflasiekoers, oorlogskuld en die besetting van die Franse soldate in die Ruhrvallei. Hoewel toestande in Suid-Afrika self veel te wense oorgelaat het, bied sy onmiddellik weer in 1923 hulp aan.<sup>79</sup> Tibbie kon weer op haar ou komitee van die eerste insamelingspoging staatmaak.<sup>80</sup> Haar ondervinding van die waarde van die pers het haar in die tweede insamelingspoging genoeg om haar invloed by die redakteur van *Die Volksblad*, mnr. A.J. Werth, gebruik te maak om haar pleidooi, soos dié op 23 Julie 1923 te propageer.<sup>81</sup> Op aanbeveling van mej. Hobhouse het Tibbie daadwerklike gevalle van nood van enkelinge gepubliseer sodat die algehele noodlydende in Duitsland ‘n individu geword het wat honger ly, tering onder lede het en van die hand na die mond lewe.<sup>82</sup> Sy het ook gereeld van die pers gebruik gemaak om die vordering met die bydraes onder die aandag van die leserspubliek te bring.<sup>83</sup> Die name van donateurs, selfs diegene wat geringe bydraes gelewer het, het sy gereeld laat publiseer om menige flouhartige skenker aan te moedig om sy hand oop te maak.<sup>84</sup>

Toestande in Suid-Afrika was gewis in daardie stadium nie bevorderlik vir nog ‘n grootskaalse insamelingspoging nie. “Our own need is very great indeed”, het Tibbie besef, “and yet there is no need for us to suffer hunger and want like those poor people in Central Europe”.<sup>85</sup> Sy het ‘n konferensie bygewoon waar

- 
75. *Die Volksblad*, 3 Febr. 1922; VAB, A156 1/1/16 RIS - sekretaresse van die Fonds 16 Jan. 1922.
76. INEG, PV181 2/7/1/15 A Lang – RIS 22 Febr. 1922.
77. *Die Volksblad*, 11 Des. 1922.
78. INEG, PV181 2/7/1/1/7 RIS – EH 15 Nov. 1922; VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 11 Des. 1922.
79. INEG, PV181 2/7/1/1/7 RIS - EH 28 Febr. 1923.
80. INEG, PV181 2/7/1/1/7 RIS – EH 28 Nov. 1922.
81. INEG, PV181 2/7/1/1/8 RIS – EH 22 Junie 1923.
82. INEG, PV181 2/7/1/1/8 RIS – EH 1 Aug. 1923; 12 Aug. 1923.
83. *Die Volksblad*, 6 Sept. 1923.
84. VAB, A156 3 /4 RIS – Essie 9 Febr. 1924.
85. INEG, PV181 2/7/1/1/8 RIS - EH 29 Mei 1923, 13 Junie 1923.

die akute Armlanke-probleem bespreek is, onder andere deur haar skoonseun, dr. N.J. van der Merwe.<sup>86</sup> Die Armlanke-vraagstuk was inderdaad in daardie stadium reeds na “verhouding van ons bevolking die grootste in die wêrelde”, soos genl. Hertzog dit gestel het.<sup>87</sup> Tibbie het gevolglik besef dat “the contributions will be small”.<sup>88</sup>

Reeds aan die einde van 1922 het Tibbie met die hulp van mev. J. Hamman, ‘n leidster in die Duitse gemeenskap, in ‘n gesamentlike skrywe aan genl. Smuts ‘n plan uiteengesit “asking if our Government cannot make an offer of mealies to the German Government” omdat dit onwaarskynlik was dat die Unieregering enige finansiële skenking sou oorweeg.<sup>89</sup> Tibbie het haar veral beywer vir hierdie projek, tesame met die insameling van ou klere en ander kosware, aangesien die bydraes, nie soos verwag is, ingestroom het nie.<sup>90</sup> Met die hulp van ‘n manskomitee onder leiding van dr. J. Arndt en die Duitsers in die Vrystaat, het Tibbie se span aan die begin van Augustus 1923 reeds oor die 800 sakke mielies beskik.<sup>91</sup>

Anders as mej. Hobhouse, het Tibbie die mening gehuldig dat sy altyd op die hulp van genl. Smuts kon staatmaak. In ‘n telegram aan hom aan die begin van September pols sy hom oor die moontlikheid om die mielies teen ‘n verminderde bedrag van tien sjielings per ton na Duitsland te versend.<sup>92</sup> Daar is egter teen die verskeping van die mielies besluit omdat die uitvoerkoste te hoog was.<sup>93</sup> Daarby kon die Duitse skepe slegs een maal per maand tussen die twee lande vaar en buitendien net 50 sakke vervoer.<sup>94</sup> Daar is toe besluit om die mielies van die hand te sit en die kontant aan die Duitsers beskikbaar te stel.<sup>95</sup> Aan die einde van die jaar het Tibbie weer formele vertoë en ‘n privaat skrywe aan Smuts gerig. Daarin het sy hom gepols oor die moontlikheid dat mielies wat die Japannese regering geweier het om van die Unieregering te aanvaar, eerder vir die Duitsers beskikbaar gestel moes word.<sup>96</sup> Dit is onwaarskynlik dat hierdie prysenswaardige idee van Tibbie ooit iets opgelewer het en in haar korrespondensie word geen verdere melding daarvan gemaak nie.

- 
86. *Die Volksblad*, 5 Julie 1923; Ineg, PV181 2/7/1/1/8 RIS – EH 11 Julie 1923; VAB, A156 1/1/12 EH - RIS 5 Aug. 1923.
  87. *Die Volksblad*, 4 Des. 1923.
  88. INEG, PV2/7/1/1/8 RIS – EH 29 Mei 1923.
  89. INEG, PV181 2/7/1/1/7 RIS – EH 28 Nov. 1922.
  90. *Die Volksblad* 23 Julie 1923; Ineg, PV181 2/7/1/1/8 RIS – EH 11 Julie 1923.
  91. INEG, PV181 2/7/1/1/8 RIS – EH 12 Aug. 1923.
  92. INEG, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 5 Sept. 1923.
  93. TAB, A1/211 RIS – JCS 5 Sept. 1923; INEG, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 5 Sept. 1923.
  94. INEG, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 25 Sept. 1923.
  95. INEG, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 5 Sept. 1923, 18 Okt. 1923.
  96. INEG, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 4 Des. 1923.

Deur middel van basaars wat Tibbie met die hulp van haar komitee gereël het en deur straatkollektes het sy die skamele bydraes op die insamelingslyste aangevul.<sup>97</sup> Die bedrag wat mev. Frieda Mostert namens die skoolkinders van Heidelberg in Transvaal aan die kinders van Heidelberg in Duitsland gestuur het, het Tibbie met bykans die helfte aangevul.<sup>98</sup> Benewens die kiste vol ou klere wat sy aan die ou universiteitstad gestuur het, het sy het ook aan die *Mensa Academica* geld geskenk wat aangewend is om hulpbehoewende skoliere, akademici en swanger vroue by te staan.<sup>99</sup> Anders as in haar eerste insamelingspoging toe die bydraes as geheel aangewend is om die noodlydende kinders van Leipzig te voed, het sy haar nou toegespits op verdienstelike individuele gevalle of instansies.<sup>100</sup> Haar dogter, Gladys, wat met studie in Duitsland was, het Tibbie se aandag op verdienstelike gevalle gevestig en gehelp om bydraes te reguleer.<sup>101</sup>

Dit was duidelik dat hierdie tweede noodleningspoging teen 1924 sy fut verloor het. Buitendien het finansiële hulp van die Verenigde State van Amerika toestande sodanig in Duitsland verbeter, dat die fonds op Tibbie se voorstel afgesluit kon word.<sup>102</sup> “We have no right”, het Tibbie in hierdie tyd aan Emily Hobhouse erken, “to send so much money out of the country ... I cannot urge for further funds”.<sup>103</sup> Van die meer as £1 000 wat Tibbie uiteindelik in hierdie verdere poging aan Duitsland gestuur het, was die Vrystaat se bydrae weer die grootste.<sup>104</sup> Daarby het hulle 19 groot kiste ou klere en voedsel gestuur.<sup>105</sup> Die laaste £60 stuur sy in November as ‘n Kersgeskenk aan lede van die komitee in Duitsland.<sup>106</sup>

- 
97. INEG, PV181 2/7/1/1/8 RIS – EH 6 Aug. 1923; PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 9 Okt. 1923, 4 Nov. 1923.
  98. INEG, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 9 Nov. 1923, 22 Jan. 1924; VAB, A156 1/1/12 EH(Heidelberg,Duitsland) – RIS 11 Nov. 1923.
  99. INEG, PV181 2/7/1/1/10 RIS – EH 27 Febr. 1924; VAB, 1/1/16 C Menge (Heidelberg, Duitsland) – RIS 3 Jan. 1924.
  100. *Die Volksblad* 6 Sept. 1923; VAB, A156 1/1/16 F Schwyz - (Lucern) – RIS 19 Okt. 1923; VAB, A156 1/1/12 EH – RIS 23 Des. 1923; A156 1/1/16 C Menge (Heidelberg, Duitsland) - RIS 3 Jan. 1924.
  101. VAB, 3/4 RIS – Essie 29 Okt. 1923, 8 Nov. 1923; INEG, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 11 Sept. 1924.
  102. INEG, PV181 2/7/1/9 RIS – EH 21 Nov. 1923; VAB, 156 1/1/16 O Hintrager – RIS 2 Des. 1924.
  103. INEG, PV181 2/7/1/1/10 RIS - EH 12 Febr. 1924.
  104. VAB, A156 3/4 RIS – Essie 15 Julie 1923; Ineg, PV181 2/7/1/1/9 RIS – EH 9 Okt. 1923.
  105. INEG, PV180 11e OVV kongres 4 Mei 1924, p. 8; PV 180 2/8/1/1/32 RIS – toespraak voorgelees voor 11e kongres Mei 1924.
  106. INEG, PV181 2/7/1/1/12 RIS – EH 11 Nov. 1924; VAB, A156 1/1/12 EH – RIS 7 Des. 1924.

## **Slot**

In Augustus 1923 word Tibbie namens die kanselier van die Duitse Erelegioen, Hauptman R. Heering, tesame met Ella Fischer, Eugenie Fraser asook Hannah en Elvira Kress die “Deutsche Ehrendenkmunze des Weltkriege” vir dienste aan die Duitse volk aangebied. Indien Tibbie en haar komitee die erepenning aanvaar, sou sy een van 200 uitgelese ontvangers in “Afrikaner land” wees. In Duitsland het “vorstelikhede, veldshere en leëraanvoerders” soos maarskalk Hindenburg, Ludendorff en genl. Von Machensen onder die ontvangers getel.<sup>107</sup>

Hoewel Tibbie die erkenning waardeer het en sy die erepenning aan haar helpsters sou oorhandig, kon sy dit egter nie persoonlik aanvaar nie.

Dit was altoos ‘n beginsel van my eggenoot ... om iets van hierdie aard nie aan te neem nie, en ek verkies om my ook hierin met hom te verenig.<sup>108</sup>

Die Duitste Rooikruismedalje wat aan haar en Emily Hobhouse aangebied is, het sy egter bereidwillig aanvaar.<sup>109</sup> Sy is ook deur die Senaat van die Ruprecht Karls Universiteit van Heidelberg op 13 Mei 1925 vereer met “eine Ehrenburgerschaft”, die eerste keer dat die universiteit so ‘n toekenning gedoen het sedert die grondlegging daarvan 540 jaar tevore.<sup>110</sup> ‘n Dekade daarna is Tibbie weer as gas van die universiteit op sy 550-jarige feesvieringe uitgenooi.<sup>111</sup>

Die teruggetrokke Tibbie Steyn wat selde die voortou in enige nuwe onderneming voor Theunis se dood geneem het, het as gevolg van ‘n noedsituasie buite haarself, weer haar voete gevind deur vir ‘n saak buite haarself te stry. Dit was vir Emily Hobhouse dan opvallend dat skaars vyf jaar na die President se dood

how you [Tibbie] had come out since your husband left you. It would seem as if the powers consecrated on [him] had been set free and were being re-consecrated to the more public interest & affairs to which [his] life had been devoted. This is very beautiful.<sup>112</sup>

## **Abstract**

### **The contribution of Rachel Isabella Steyn to the humanitarian aid programme in Germany after the First World War**

The different and sometimes difficult circumstances in which Mrs Rachel Isabella Steyn found herself after her husband, President M.T. Steyn’s death in 1916, was

107. INEG, PV181 2/8/1/16 R Hering – RIS 17 Aug. 1923.

108. INEG, PV181 2/8/1/16 RIS – H Glashoff c Aug. 1923.

109. VAB, A156 1/1/13 EH – RIS 12 Julie 1925; INEG, PV181 2/7/1/13 RIS – EH 16 Junie 1925.

110. INEG, PV181 2/8/1/30 RIS – EH c Mei 1925.

111. TAB, A321/1 RIS – JBM Hertzog 2 Maart 1936.

112. VAB, A156 1/1/10 EH – RIS 17 Julie 1921.

radically altered when she received a plea for humanitarian aid from a Netherlands humanitarian, Mrs H. Kröller, after the termination of hostilities after the First World War. This plea for the destitute children of post-war Germany was met by Mrs Steyn with dedication and innovation. She was ably assisted by a team of friends and societies in South African, and more especially her prestige as the widow of Pres. Steyn and an associate of Miss Emily Hobhouse.

Miss Hobhouse as representative of the *Save the Children Fund* identified Leipzig in Germany as the city where the need was most acute. Mrs Steyn was not intimidated by the daunting challenge of organisational problems and working with other prominent South African women. Somehow they had to work together in order to get a grant from the Union Government. The first fund-raising effort realised over £10 000 and this effort fed over 8 000 children per day. A second fund-raising effort in 1923 did not realise similar spectacular results but rather focused on assisting laudable individual cases. In both fund-raising efforts the Free State contributed more *per capita* than any other province. She accepted with Miss Hobhouse, the German Red Cross Medal. She was also honoured in 1925 by the Senate of the Ruprecht Karls University in Heidelberg.